Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2017

# DANSSTUDIES

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit NEGE vrae. Beantwoord slegs SEWE vrae.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

3. AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYKE EN GESONDHEIDSORG – 40 PUNTE

   AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID – 60 PUNTE

4. AFDELING A: Bestaan uit VIER vrae. Beantwoord slegs DRIE vrae in hierdie afdeling. Let daarop dat jy 'n keuse tussen VRAAG 3 en VRAAG 4 het in hierdie afdeling. Indien jy beide vrae beantwoord, sal slegs die eerste vraag wat beantwoord is, nagesien word.

5. AFDELING B: Bestaan uit VYF vrae. Beantwoord slegs VIER vrae in hierdie afdeling. Let daarop dat jy 'n keuse tussen VRAAG 6 en VRAAG 7 het in hierdie afdeling. Indien jy beide vrae beantwoord, sal slegs die eerste vraag wat beantwoord is, nagesien word.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Lees elke vraag aandagtig deur en let op wat vereis word.

8. Jy mag rowwe beplanning in die ANTWOORDEBOEK doen. Trek 'n streep deur enige werk wat NIE nagesien moet word NIE.

9. Jy sal geassesseer word op jou vermoë om:
   - Gebruik te maak van slegs EEN taal.
   - Inligting te organiseer en duidelik oor te dra.
   - Die spesifieke formaat te gebruik wat in bepaalde vrae vereis word
   - Spesialis-dansterminologie te gebruik, waar nodig

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYKE EN GESONDHEIDSORG

### VRAAG 1: POSTUUR/OPWARMING/AFKOELING

1.1



[Bron: http://www.courses.VCU.edu/DANC291-003/unit//.h]

Die foto hierbo wys die korrekte danspostuur wat belangrik is vir 'n danser. Beskryf die voordele van die korrekte danspostuur gedurende dansklasse. (5)

1.2 Verduidelik wat met die liggaam gedurende opwarmingsoefeninge gebeur. (6)

1.3 Bespreek wat met die liggaam sal gebeur wanneer jy nie afkoeloefeninge na aktiwiteite in die dansklas doen nie. (4)

**[15]**

## VRAAG 2: SOEPELHEID/KRAG/KRAMPE

2.1 Kies EEN van die komponente van fiksheid hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae:

- Soepelheid
- Krag

2.1.1 Gee die naam van die komponent wat jy gekies het en beskryf die voordele wat hierdie komponent vir jou inhou. (5)

2.1.2 Beantwoord slegs EEN van die vrae hieronder.

**Beantwoord die vraag hieronder as jy SOEPELHEID gekies het.**

Verduidelik hoe om veilige strekking te doen om soepelheid te ontwikkel.

**OF**

**Beantwoord die vraag hieronder as jy KRAG gekies het.**

Verduidelik watter tipe oefeninge jy in die klas sal doen om spierkrag in die volgende te ontwikkel:

- Bene
- Arms
- Bolyf (6)


2.2 Vir die meeste dansers is krampe in die dansklas iets algemeen. Watter behandeling sal jy vir krampe voorstel? (4)

**[15]**

**JY HET 'N KEUSE TUSSEN VRAAG 3 EN VRAAG 4.**
**BEANTWOORD NET EEN VRAAG.**

## VRAAG 3: SPIERE/GEWRIGTE/ANATOMIESE AKSIES (KEUSEVRAAG)

3.1 Benoem die onderstaande spiere. Skryf slegs die antwoorde langs die letter (A–E) in jou ANTWOORDEBOEK neer.




[Bron: https://www.studyblue.com/notes/n/muscle-labeling/deck]

(5 x 1) (5)

3.2 Watter soort gewrig skei die bobeen van die onderste been? (1)

3.3 Watter soort gewrig skei die bolyf van die bobeen? (1)

3.4 Watter anatomiese aksie vind plaas wanneer die been agter die liggaam gelig word? (1)


3.5 Watter anatomiese aksie vind plaas wanneer jy jou voet punt? (1)

3.6 Watter anatomiese aksie vind plaas wanneer jy jou kop draai? (1)
**[10]**

**OF**

**VRAAG 4 (KEUSEVRAAG): RUGGRAAT**

4.1 Benoem die VYF dele van die ruggraat soos in die diagram hieronder aangedui word. Skryf slegs die antwoorde langs die letter (A–E) in jou ANTWOORDEBOEK neer.




[Bron: *Reebok instructors Alliance Basic Science of Exercise*]

(5 x 1) (5)

4.2 Gee enige TWEE anatomiese aksies van die ruggraat. (2)

4.3 Verduidelik enige DRIE funksies van die ruggraat. (3)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID

### VRAAG 5: DANSVORME/BEGINSELS

5.1 Beskryf hoe jy Afrika-danse sal herken. Jy mag bewegings, stappies, styl, musiek, kostuums, wie dit sal opvoer en waar dit opgevoer mag word, insluit. (4)

5.2 Verduidelik die verskil tussen *teater*- en *kulturele dansvorms*. (6)
**[10]**

**JY HET 'N KEUSE TUSSEN VRAAG 6 EN VRAAG 7.**
**BEANTWOORD SLEGS EEN VRAAG.**

### VRAAG 6: SUID-AFRIKAANSE/INTERNASIONALE CHOREOGRAAF EN DANSWERK

Kies EEN van die Suid-Afrikaanse/Internasionale choreograwe en EEN van hul danswerke uit die voorgeskrewe lys hieronder en beantwoord die volgende vrae:

**HIERONDER IS DIE VOORGESKREWE LYS VAN INTERNASIONALE/SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE EN HUL DANSWERKE**

| INTERNASIONALE CHOREOGRAWE | DANSWERKE |
|---|---|
| George Balanchine | *Appollo/Jewels* |
| Alvin Ailey | *Revelations* |
| Martha Graham | *Lamentation/Errand into the Maze* |
| Christopher Bruce | *Ghost Dances* |
| Matthew Bourne | *Swan Lake/Cinderella* |
| Pina Bausch | *The Rite of Spring* |
| William Forsythe | *In the Middle, Somewhat Elevated* |
| Mats Ek | *Giselle/Swan Lake/Carmen* |
| Rudi van Dantzig | *Four Last Songs* |
| Jiri Killian | *Wings of Wax/Stamping Ground* |

| SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE | DANSWERKE |
|---|---|
| Veronica Paeper | *Orpheus in the Underworld/Carmen* |
| Vincent Mantsoe | *Gula Matari* |
| Alfred Hinkel | *Last Dance (Bolero)/Rain in a Dead Man's Footprints/Cargo/I am Cinnamon* |
| Sylvia Glasser | *Tranceformations* |
| Gary Gordon | *Bessie's Head* |
| Mavis Becker | *Flamenco de Africa* |
| Hazel Acosta | *Blood Wedding* |
| Caroline Holden | *Imagenes* |
| Gregory Maqoma | *Beauty Trilogy/Skeleton Dry/Four Seasons* |

6.1 Gee die naam van die choreograaf en die danswerk.

6.2 Beskryf die choreograaf se agtergrond en opleiding. (4)

6.3 Brei uit oor die sinopsis/tema/intensie/storie wat gebruik word. (4)

6.4 Gee ŉ gedetailleerde verduideliking van die kostuums, beligting en stelontwerp wat in die danswerk gebruik word. (4)

6.5 Verduidelik die karaktereienskappe van die dansstyl wat deur die choreograaf in sy/haar danswerke gebruik word. (4)

6.6 Bespreek wat hierdie danswerk innoverend gemaak het. (4)
**[20]**

**OF**

**VRAAG 7: INTERNASIONALE CHOREOGRAAF EN DANSWERK (KEUSEVRAAG)**

Skryf studienotas oor die choreograaf Christopher Bruce en sy danswerk, *Ghost Dancers.*

7.1 Verskaf ŉ gedetailleerde beskrywing van Christopher Bruce se agtergrond en dansopleiding. (4)

7.2 Verduidelik die sinopsis/intensies van die danswerk. (4)

7.3 Gee ŉ verduideliking van die kostuums wat deur die 'Dead' en die 'Ghosts' gebruik was. (4)

7.4 Gee ŉ verduideliking van die bewegingswoordeskat wat deur Bruce in hierdie werk gebruik word. (4)

7.5 Bespreek die simboliek wat in die danswerk gebruik word. (4)
**[20]**

## VRAAG 8: MUSIEKTERME/GENRES

8.1 Kies die korrekte antwoord uit KOLOM B wat by KOLOM A pas. Skryf slegs die korrekte letter (A–E) van KOLOM B teenoor die ooreenstemmende nommer (8.1.1–8.1.5) in KOLOM A, byvoorbeeld 8.1.6 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 8.1.1 | Die spoed waarteen musiek gespeel word | A | Pas |
| 8.1.2 | ʼn Gereelde konstante klop | B | Duur |
| 8.1.3 | Die hoeveelheid tyd wat dit neem om op te voer | C | Poliritmes |
| 8.1.4 | Twee of meer ritmes wat gelyktydig gespeel word | D | Tempo |
| 8.1.5 | Die snelheid waarteen ʼn aktiwiteit uitgevoer word | E | Ritme |

(5 x 1) (5)

8.2 Verduidelik TWEE verskillende musiekgenres en hoe jy die hoofkenmerke en instrumentasie sal herken. (6)

8.3 Verskaf idees oor hoe musiek jou dans kan beïnvloed. (4)
**[15]**

## VRAAG 9: OPVOERINGSRUIMTES/CHOREOGRAFIESE ELEMENTE/BEMARKING

9.1 Gee ʼn beskrywing van die volgende:

9.1.1 Agterverhoog (1)

9.1.2 Voorverhoog (1)

9.1.3 Middelverhoog (1)

9.1.4 Siklorama (1)

9.1.5 Syskerms (1)

9.2 Verduidelik die volgende:

9.2.1 Oorgange (1)

9.2.2 Klimaks (1)

9.2.3 Vlakke (1)

9.2.4 Stimulus (1)

9.2.5 Begin en eindes (1)

9.2.6 Motief (1)

9.3 Bespreek hoe jy ʼn dansproduksie sal bemark. (4)
**[15]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou